

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 20**

**18 Mei 2025**

# Leer God Ken

**Vraag:** Wat is die beste bron vir inligting om ons seining oor God te vorm?
**Die Bybel moet ons gesag wees!**
God het dit gelukkig nie aan ons oorgelaat om oor Hom te spekuleer nie. Alles wat ons oor God moet weet – hoe Hy is en hoe ons 'n verhouding met Hom kan hệ - word deur die Bybel aan ons verskaf. Teologie is nie 'n raaiery nie, dit is 'n noukeurige ontleding van wat God reeds oor Homself in Sy Woord gesệ het. Die grondslag vir die Christelike leerstelling is om te verstaan dat niemand God kan begryp tensy Hy Homself aan hulle openbaar nie. Dit is 'n baie belangrike waarheid. Die mensdom se korrekte persepsie van God kan net van God af kom. Ons verwys hierna as die selfopenbaring van God.
Jou seining oor God is heel moontlik die belangrikste ding in jou lewe, want dit is die bron waaruit die res sal vloei. Dit kan egter ook die gevaarlikste wees. Soos 'n Christen-geleerde 'n paar dekades gelede gesệ het, vals sienings oor God is die bron waaruit afgodery voortvloei. Dit is dus nie net belangrik om God te ken nie, maar ewe belangrik dat jy presies weet wie Hy is. Daar is baie praktiese redes waarom ons siening oor God so akkuraat moontlik moet wees. Neem 'n eenvoudige saak soos gebed. As jy glo dat God 'n kosmiese Kersvader is, sal jou gebede grotendeels selfsugtig en oppervlakkig wees. As jy egter glo dat God regverdig en heilig is, sal jou gebede dit weerspieël. Jy sal vind dat jy meer vir ander as vir jouself bid.
**Kortliks 'n paar ander Bybelse redes waarom dit so belangrik is om God te ken:**
1)Jou ewige bestemming hang daarvan af: " En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is." Joh 17:3
2)Dit lei ons om van sonde af weg te draai en heilige lewens te leef: "Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou himself rein soos Jesus rein is." 1 Joh3:3
3)Dit verander ons denke soda tons die wil van God beter kan onderskei: "Julle moenie aan hierdie sondige wệreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." Rom 12:2
4)Dit bring vreugde: "Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sale k nie struikel nie. Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig." Ps 16: 8-9
5)Ons weet dat ons geliefd is: "Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur Sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."
1 Joh 4:10 - Dr Victor Kuligin

**Dankie!**

- U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Rudi Kruger
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Wikus Holtzhausen

Hannah Bylsma
Tannie Rina van der Vyver
Juanita Rossouw
Spokie Vorster
Marelize Harrison

**Gedagte vir die week**

**Alles wat ons van God moet weet, word deur die Bybel aan ons verskaf.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org